

Argief

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GEBAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Friday, 28 February 1969

WINDHOEK

Vrydag, 28 Februarie 1969

No. 2971

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICES:

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- No. R.113 (Republic) Savings Bank Regulations: Amendment
- No. R.120 (Republic) Amendment of the Rules regulating the conduct of proceedings of the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa
- No. R.122 (Republic) Amendments to the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve
- No. R.123 (Republic) Amendment to the Regulations for the Permanent Force

- (Republiek) Spaarbankregulasies: Wysiging 5
- (Republiek) Wysiging van die Reëls waarby die ver- rigtings van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word 2
- (Republiek) Wysiging van die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe 8
- (Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag 8

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 120

31 Januarie 1969

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VER-
RIGTINGS VAN DIE APPELAFDELING VAN DIE
HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL
WORD.

Onderstaande wysigings van die reëls waarby die verrigtings van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, is kragtens artikel 43 (1) van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959), deur die Hoofregter van Suid-Afrika en die Appèlregters met die goedkeuring van die Staatspresident uitgevaardig, met ingang van die 1ste dag van Maart 1969.

1. Die byvoeging in reël 1, aan die end van die woordomskrywing van "besigheidsdag", van die woorde: "en by die berekening van 'n tydperk van dae by hierdie reëls voorgeskryf of in 'n hofbevel bepaal, word slegs besigheidsdag ingesluit;".

2. Die vervanging van reël 3 deur die volgende reël:—
"Aansoek om Verlof om te Appelleer"

3. (1) (a) 'n In subartikel (3) van artikel een-en-twintig van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, bedoelde petisie in 'n siviele saak, word tesame met 'n stawende beëdigde verklaring by die griffier ingedien.

(b) Indien die petisie ingevolge paragraaf (c) van subartikel (3) van genoemde artikel vir oorweging na die hof verwys word, moet die petitioner, binne die tydperk deur die regter bepaal wat die petisie oorweeg, vyf getikte afskrifte van die petisie by die griffier indien, en indien genoemde regter dit gelas, ook ses getikte afskrifte van die stukke, waarvan een deur die griffier van die hof *a quo* gewaarmerk moet word, en moet aan die respondent of sy prokureur 'n kennisgewing bestel dat die petisie aldus verwys is.

(c) Die tydperk kragtens paragraaf (b) bepaal vir die indiening van afskrifte van die stukke, kan, by aanvoering van gegronde rede, verleng word soos genoemde regter of 'n ander regter van die hof van tyd tot tyd mag gelas.

(2) Wanneer 'n Bantoe-appèlhof kragtens artikel agtien van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), toestemming verleen het tot 'n aansoek om verlof om na die hof te appelleer, moet die petitioner om sodanige verlof binne 21 dae, of die langer tydperk wat op goeie gronde toegelaat mag word, nadat sodanige toestemming verleen is, 'n petisie om sodanige verlof tesame met 'n stawende beëdigde verklaring en vyf getikte afskrifte daarvan by die griffier indien.

(3) 'n Afskrif van elke petisie en die stawende beëdigde verklaring moet aan die respondent of sy prokureur bestel word.

(4) (a) Elke beëdigde verklaring in antwoord op 'n petisie moet binne 21 dae na bestelling van 'n afskrif van die petisie aan die respondent of sy prokureur, by die griffier ingedien word, en 'n afskrif van elke sodanige beëdigde verklaring moet binne dieselfde tydperk aan die petitioner of sy prokureur bestel word.

(b) In die geval van 'n petisie in paragraaf (b) van subreël (1) bedoel, moet vyf getikte afskrifte van die beëdigde verklaring binne 14 dae na bestelling van die kennisgewing ingevolge daardie paragraaf, by die griffier ingedien word.

(c) In die geval van 'n petisie in subreël (2) bedoel, moet die beëdigde verklaring tesame met vyf getikte afskrifte daarvan ingedien word.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 120

31 January 1969

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING
THE CONDUCT OF PROCEEDINGS OF THE
APPELLATE DIVISION OF THE SUPREME COURT
OF SOUTH AFRICA

The Chief Justice of South Africa and the Judges of Appeal have, in terms of section 43 (1) of the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), with the approval of the State President, made the undermentioned amendments to the rules regulating the conduct of proceedings of the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa, with effect from the 1st day of March 1969.

1. The addition in rule 1 at the end of the definition of "business day", of the words: "and only business days shall be included in the computation of any time expressed in days prescribed by these rules or fixed by any order of the court;".

2. The substitution for rule 3, of the following rule:—
"Application for Leave to Appeal"

3. (1) (a) A petition referred to in subsection (3) of section twenty-one of the Supreme Court Act, 1959, in a civil case, shall be lodged with the registrar together with a verifying affidavit.

(b) If the petition is in terms of paragraph (c) of subsection (3) of the said section referred to the court for consideration, the petitioner shall lodge with the registrar, within the time fixed by the judge considering the petition, five typed copies of the petition and if the said judge so directs also six typed copies of the record, one of which shall be certified as correct by the registrar of the court *a quo*, and shall serve notice on the respondent or his attorney that the petition has been so referred.

(c) The time fixed under paragraph (b) for the lodging of copies of the record, may on good cause shown be extended as the said judge or any other judge of the court may from time to time direct.

(2) Whenever a Bantu Appeal Court has, in terms of section eighteen of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), consented to an application for leave to appeal to the court, the petitioner for such leave shall within 21 days, or such longer period as may on good cause be allowed, after such consent has been granted, lodge with the registrar a petition for such leave together with a verifying affidavit and five typed copies thereof.

(3) A copy of every petition and the verifying affidavit shall be served on the respondent or his attorney.

(4) (a) Every affidavit in answer to a petition shall be lodged with the registrar within 21 days of service of a copy of the petition on the respondent or his attorney and a copy of every such affidavit shall be served on the petitioner or his attorney within the same period.

(b) In the case of a petition referred to in paragraph (b) of subrule (1), five typed copies of the affidavit shall be lodged with the registrar within 14 days of service of the notice in terms of that paragraph.

(c) In the case of a petition referred to in subrule (2), the affidavit shall be lodged together with five typed copies thereof.

(5) Elke aansoek om verlof om te appelleer moet 'n saaklike en billike uiteensetting bevat van al die inligting wat nodig is om die hof in staat te stel om te besluit of die verlof toegestaan moet word, en moet vergesel gaan van 'n afskrif van die uitspraak van die hof *a quo*, en waar verlof om te appelleer deur daardie hof geweier is, ook van 'n afskrif van die uitspraak waarby sodanige verlof geweier word.

(6) Die petisie moet nie ingaan op aangeleenthede wat nie ter sake is nie en moet op die meriete van die saak ingaan alleen vir sover dit nodig is om die bepaalde gronde waarop verlof om te appelleer gevra word, te verduidelik en te staaf.

(7) Wanneer die hof verlof om te appelleer toestaan, moet hy terselfdertyd ook by bevel die tydperk vasstel waarbinne die stukke by die griffier ingedien moet word, en die hof kan, in die geval van 'n appèl vanaf 'n Bantoe-appèlhof, die appellant beveel om sekuriteit te verstrek vir die koste van appèl teen die bedrag wat die griffier vasstel en kan die tydperk vasstel waarbinne dié sekuriteit verstrek moet word.

(8) Wanneer die hof of 'n provinsiale of plaaslike afdeling verlof om te appelleer toegestaan het, moet die saak nie op die rol geplaas word nie alvorens bewys aan die griffier gelewer is dat sekuriteit wat ingevolge subreël (7) of ingevolge subartikel (4) van artikel *een-en-twintig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, beveel is, deur die appellant binne die tydperk deur die hof of die provinsiale of plaaslike afdeling vasgestel, verstrek is.”.

3. Die invoeging van die volgende reël na reël 3:—

“3 *bis* (a) Die bepalinge van paragraaf (a) van subreël (1), subreël (3), paragraaf (a) van subreël (4) en subreëls (5) en (6) van reël 3 is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n aansoek om kondonasië van toepassing.

(b) So 'n aansoek moet vergesel gaan van vyf getikte afskrifte daarvan.”.

4. Die wysiging van reël 5—

(a) deur die volgende subreël na subreël (3) in te voeg:—

“(3) *bis* (a) Indien die kennisgewing van appèl of van teenappèl deur 'n prokureur ingedien word, moet hy binne 21 dae daarna by die griffier 'n prokurasie indien wat hom magtig om appèl of teenappèl voort te sit.

(b) Is daar geen teenappèl nie, moet die respondent se prokureur 'n prokurasie om die appèl te bestry by die griffier indien wanneer afskrifte van die respondent se vernaamste punte van betoog ingevolge reël 8 ingedien word.

(c) Geen prokurasie hoef ingedien te word nie deur die staatsprokureur, 'n adjunk-staatsprokureur of 'n prokureur aan wie skriftelik of per telegram deur of namens die staatsprokureur of 'n adjunk-staatsprokureur opdrag gegee is in 'n aangeleentheid waarin die staatsprokureur of adjunk-staatsprokureur in sy hoedanigheid as sodanig optree of ten behoeve van die Regering van die Republiek (met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, die administrasie van 'n provinsie of van die gebied Suidwes-Afrika) of 'n Minister, 'n Administrateur of 'n ander beambte of werknemer van bedoelde Regering of administrasie.”;

(b) deur in paragrafe (a) en (b) van subreël (4) die woorde “van die hof waarvandaan geappelleer word” te skrap;

(5) Every application for leave to appeal shall furnish succinctly and fairly all such information as may be necessary to enable the court to decide whether such leave ought to be granted, and shall be accompanied by a copy of the judgment delivered by the court *a quo*, and where leave to appeal has been refused by that court, also by a copy of the judgment refusing such leave.

(6) The petition shall not travel into extraneous matter and shall deal with the merits of the case only in so far as is necessary for the purpose of explaining and supporting the particular grounds upon which leave to appeal is sought.

(7) Whenever the court grants leave to appeal it shall at the same time make an order fixing the time within which the record shall be lodged with the registrar, and the court may, in the case of an appeal from a Bantu Appeal Court, order the appellant to find security for the costs of appeal in such an amount as may be determined by the registrar and may fix the time within which such security shall be found.

(8) Whenever the court or a provincial or local division has granted leave to appeal, the appeal shall not be set down for hearing until proof has been furnished to the registrar that any security ordered under subrule (7) or under subsection (4) of section *twenty-one* of the Supreme Court Act, 1959, has been found by the appellant within the time fixed by the court or the provincial or local division.”.

3. The insertion after rule 3 of the following rule:—

“3 *bis* (a) The provisions of paragraph (a) of subrule (1), subrule (3), paragraph (a) of subrule (4) and subrules (5) and (6) of rule 3 shall *mutatis mutandis* apply in respect of an application for condonation.

(b) Any such application shall be accompanied by five typed copies thereof.”.

4. The amendment of rule 5—

(a) by the insertion after subrule (3) of the following subrule:—

“(3) *bis* (a) If the notice of appeal or of cross-appeal is lodged by an attorney, he shall within 21 days thereafter lodge with the registrar a power of attorney authorizing him to prosecute the appeal or the cross-appeal.

(b) Where there is no cross-appeal, a power of attorney to oppose an appeal shall be lodged with the registrar by the respondent's attorney when copies of the respondent's main heads of argument are lodged under rule 8.

(c) No power of attorney shall be required to be filed by the State Attorney, any Deputy State Attorney or any Attorney instructed in writing or by telegram by or on behalf of the State Attorney or a Deputy State Attorney in any matter in which the State Attorney or a Deputy State Attorney is acting in his capacity as such or on behalf of the Government of the Republic (including the South African Railways and Harbours, the Administration of any Province or of the territory of South-West Africa) or any Minister, Administrator or other officer or servant of the said Government or Administration.”;

(b) by the deletion in paragraphs (a) and (b) of subrule (4), of the words “by the court appealed from”;

(c) deur in genoemde subreël die woord "agt" te vervang deur die woord "ses";

(d) deur die volgende subreël na subreël (4) in te voeg:—

"(4) *bis* (a) Indien 'n appellant wat sy appèl teruggetrek het, versuim het om die stukke van die saak in die hof waarvandaan geappelleer word, in te dien, of indien daar luidens paragraaf (b) geag word dat 'n appellant sy appèl teruggetrek het, kan 'n respondent wat 'n teenappèl aangeteken het, binne 21 dae vanaf die datum van ontvangs deur die respondent of sy prokureur van die kennisgewing van terugtrekking deur die appellant of vanaf die datum waarop aldus geag word dat die appellant sy appèl teruggetrek het, na gelang van die geval, die griffier skriftelik in kennis stel dat hy die teenappèl wil voortsit, en bedoelde respondent word dan vir die doeleindes van subreël (4) geag die appellant te wees, en die tydperke in paragrawe (a) en (b) daarvan voorgeskryf, word bereken vanaf die datum waarop die appellant sy appèl teruggetrek het of waarop die appèl aldus geag word teruggetrek te wees.

(b) Indien 'n appellant versuim het om die stukke binne die voorgeskrewe tydperk in te dien en nie binne daardie tydperk by die respondent of sy prokureur om toestemming tot verlenging daarvan aansoek gedoen het en aan die griffier kennis gegee het dat hy aldus aansoek gedoen het nie, word geag dat hy sy appèl teruggetrek het."; en

(e) deur in subreël (7) die woord "foliopapier" te vervang deur die woorde "folio- of A.4-standaardpapier", en die voorbehoudsbepaling van daardie subreël te skrap.

5. Die wysiging van reël 8—

(a) deur in subreël (1) die woord "vier" deur die woord "sewe" te vervang, en na die woord "prokureur" die woorde "minstens 10 dae voor die verhoor" in te voeg; en

(b) deur in subreël (2) die woorde "die dag" deur die woorde "drie dae" te vervang.

6. Die invoeging van die volgende reël na reël 8:—

"8 *bis*. Die gelde van net een advokaat word tussen party en party toegelaat, behalwe waar die hof dié van meer as een advokaat tussen party en party magtig."

7. Die vervanging van reël 9 deur die volgende reël:—

"9. (1) Die koste aangegaan in 'n appèl of aansoek moet getakseer word deur die griffier (wat by die uitoefening van hierdie funksie die takseermeester genoem word) maar sy taksasie is onderworpe aan hersiening deur die hof.

(2) 'n Party wat ontevrede is met die beslissing van die takseermeester ten aansien van 'n item of deel van 'n item waarteen beswaar gemaak is of wat *mero motu* deur die takseermeester geweier is, kan binne 21 dae na die *allocatur* eis dat die takseermeester 'n gestelde saak opstel vir beslissing deur die hof, waarin hy elke item of deel van 'n item uiteensit tesame met die gronde van beswaar wat by die taksasie geopper is, en wat enige desbetreffende feitebevindings van die takseermeester bevat.

(3) Die takseermeester moet 'n afskrif van die gestelde saak aan elk van die partye verskaf en hulle kan binne 14 dae, na ontvangs van die afskrif, skriftelike betoog daarvoor voorlê, met inbegrip van gronde van beswaar wat nie by die taksasie geopper is nie, ten opsigte van

(c) by the substitution in the said subrule, for the word "eight" of the word "six";

(d) by the insertion after subrule (4) of the following subrule:—

"(4) *bis* (a) If an appellant who has withdrawn his appeal has failed to lodge the record of the proceedings in the court appealed from, or if an appellant is in terms of paragraph (b) deemed to have withdrawn his appeal, a respondent who has noted a cross-appeal may, within 21 days of the date of receipt by the respondent or his attorney of notice of withdrawal by the appellant or of the date upon which the appellant is so deemed to have withdrawn his appeal, as the case may be, notify the registrar in writing that he desires to prosecute the cross-appeal, and such respondent shall thereupon for the purposes of subrule (4) be deemed to be the appellant, and the periods prescribed in paragraphs (a) and (b) thereof shall be calculated as from the date on which the appellant withdrew his appeal or on which the appeal is so deemed to have been withdrawn.

(b) If an appellant has failed to lodge the record within the period prescribed and has not within that period applied to the respondent or his attorney for consent to an extension thereof and given notice to the registrar that he has so applied, he shall be deemed to have withdrawn his appeal."; and

(e) by the substitution in subrule (7), for the words "foolscap paper", of the words "foolscap or A.4 standard paper", and the deletion of the proviso to that subrule.

5. The amendment of rule 8—

(a) by the substitution in subrule (1) for the word "four", of the word "seven", and the insertion after the word "attorney", of the words "not later than 10 days before the hearing"; and

(b) by the substitution in subrule (2) for the words "the day", of the words "three days".

6. The insertion after rule 8, of the following rule:—

"8 *bis*. Save where the court authorizes fees consequent upon the employment of more than one advocate to be included in a party and party bill of costs, only such fees as are consequent upon the employment of one advocate shall be allowed as between party and party."

7. The substitution for rule 9 of the following rule:—

"9. (1) The costs incurred in any appeal or application shall be taxed by the registrar, who when exercising this function is called the taxing master, but his taxation shall be subject to the review of the court.

(2) Any party dissatisfied with the ruling of the taxing master as to any item or part of an item which was objected to or disallowed *mero motu* by the taxing master may within 21 days of the *allocatur* require the taxing master to state a case for the decision of the court, which case shall set out each item or part of an item together with the grounds of objection advanced at the taxation and shall embody any relevant findings of facts by the taxing master.

(3) The taxing master shall supply a copy of the stated case to each of the parties, who may within 14 days of the receipt of the copy submit contentions in writing thereon including grounds of objection not advanced at

'n item of deel van 'n item waarteen voor die takseermeester beswaar gemaak is of wat *mero motu* deur die takseermeester geweier is.

(4) Daarna stel die takseermeester sy verslag op en verskaf 'n afskrif daarvan aan elk van die partye, en lê onverwyld die gestelde saak voor die hof tesame met die betoeg van die partye daarvoor en sy verslag.

(5) Nadat die takseermeester sy verslag aldus voor die hof gelê het, moet hy, behoudens die voorskrifte van die Hoofregter, die partye of hul onderskeie prokureurs van die verhoordatum in kennis stel."

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE

No. R. 113 31 Januarie 1969
SPAARBANKREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 2 (4) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), onderstaande wysigings van die Spaarbankregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1087 van 22 Julie 1960, soos gewysig, met ingang van 1 Februarie 1969 goed te keur: —

(1) *Regulasie 1.*—Skrap subregulasie (3) en opskrif.

(2) *Regulasie 10, subregulasie (2).*—Vervang die woorde "na die hoofkantoor van die Spaarbank stuur in 'n omslag wat by alle Spaarbankkantore verkrygbaar is" in die eerste sin deur die woorde "by die naaste spaarbankkantoor inlewer vir deursending na die Hoofkantoor van die Spaarbank".

(3) *Regulasie 17.*—Vervang subregulasies (2) en (3) deur die volgende: —

"(2) As die inlêer buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika is, moet die volmag behoortlik in die teenwoordigheid van 'n getuie verly word terwyl die opdragvorm en die magtigingsbrief in die teenwoordigheid van 'n *amptelike verteenwoordiger van die Republiek van Suid-Afrika, 'n konsulêre owerheid, notaris, burgemeester, landdros of vrederegter* onderteken moet word. In die geval van 'n persoon in die magte of handelsvloot, kan die opdragvorm of magtigingsbrief ook in die teenwoordigheid van 'n offisier van die betrokke eenheid of skip onderteken word. Sodanige offisier moet sy rang en regiment of die naam van sy skip meld."

(4) *Regulasie 31.*—Vervang die eerste paragraaf van die regulasie deur die volgende: "Terugbetaling van enige bedrag van 10 sent tot R30 kan op aanvraag by alle Spaarbankkantore verkry word, behoudens die volgende voorwaardes: —".

(5) *Bylae 1.*—Vervang die bestaande Bylae deur die volgende: —

BYLAE 1

SB 1

BESONDERHEDE VAN INLEGBOEKIE

Kantoor _____ Datum-
No. _____ stempel
Eerste inlae..... R. _____ : _____ c

VERKLARING VAN 'N INLÊER BY STORTING VAN SY EERSTE INLAE

(In Blokletters) Voornamen _____
Familienaam _____
Persoonsnommer _____
Woonplek _____

Beroep _____

('n Vrou moet meld of sy ongetroud, getroud of 'n weduwee is.)

the taxation, in respect of any item or part of an item which was objected to before the taxing master or disallowed *mero motu* by the taxing master.

(4) Thereafter the taxing master shall frame his report and shall supply a copy thereof to each of the parties and shall forthwith lay the case, together with the contentions of the parties thereon and his report before the court.

(5) After the taxing master has so laid his report before the court he shall, subject to the directions of the Chief Justice, notify the parties or their respective attorneys of the date of hearing."

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS

No. R. 113 31 January 1969
SAVINGS BANK REGULATIONS

The State President has been pleased, in terms of section 2 (4) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), to approve, with effect from 1 February 1969, the following amendments to the Savings Bank Regulations, promulgated under Government Notice R. 1087 of 22 July 1960, as amended: —

(1) *Regulation 1.*—Delete subregulation (3) and title.

(2) *Regulation 10, subregulation (2).*—Substitute the words, "hand in his deposit book at the nearest Savings Bank Office for transmission to the Head Office of the Savings Bank" for the words "forward his deposit book to the Head Office of the Savings Bank, in a cover to be obtained at any Savings Bank Office" in the first sentence.

(3) *Regulation 17.*—Substitute the following for subregulations (2) and (3): —

"(2) If the depositor is beyond the boundaries of the Republic of South Africa the power of attorney must be duly executed in the presence of a witness, whilst the order form and the letter of authority must be signed in the presence of an *official representative of the Republic of South Africa, a consular authority, notary, mayor, magistrate or a justice of the peace*. In the event of a person being in the forces or merchant navy, the order form or letter of authority may also be signed in the presence of an officer of the unit or ship concerned. Such officer must state his rank and regiment or the name of his ship."

(4) *Regulation 31.*—Substitute the following for the first paragraph of the regulations: "Repayment of any amount from 10 cents to R30 may be obtained on demand at any Savings Bank Office, subject to the following conditions: —".

(5) *Schedule 1.*—Substitute the following for the existing Schedule: —

SCHEDULE 1

SB 1

PARTICULARS OF DEPOSIT BOOK

Office _____ Date
No. _____ Stamp
First deposit..... R. _____ : _____ c

DECLARATION BY A DEPOSITOR ON MAKING HIS FIRST DEPOSIT

(In Blok Letters) First names _____
Surname _____
National Identity No. _____
Residence _____

Occupation _____

(If a female, state also whether "married", "widow" or "single".)

* Ek verklaar hierby dat ek in my eie belang 'n inlêer in die Pos-spaarbank wil word en dat ek nóg regstreeks nóg onregstreeks geregtig is op enige bedrag of bedrae op my naam of die naam of name van enige ander persoon of persone in die boeke van genoemde Spaarbank, behalwe op die voordele waarop ek uit hoofde van my lidmaatskap van 'n vereniging, klub of fonds geregtig is of dié bedrag of bedrae wat op my naam in my hoedanigheid van trustee, tesame met die naam of name van 'n ander inlêer of inlêers, ingeskryf is. Ek stem voorts daarmee in dat my inlaes ooreenkomstig die reëls en regulasies van genoemde Spaarbank beheer word.

Geteken deur my op hede die _____ dag van _____ 19____
 Handtekening van inlêer _____
 Deur genoemde inlêer geteken in die teenwoordigheid van _____

* In die geval van minderjariges onder sewe jaar, moet die verklaring geteken word deur die persoon wat die geld inlê. Die datum waarop die minderjarige sewe jaar oud sal word, moet hier gemeld word.

Sewe jaar oud op die _____ dag van _____ 19____

As die inlêer nie kan skryf nie, moet onderstaande sertifikaat deur twee persone wat ouer as sestien jaar is, ingevul en onderteken word:—

Ons die ondergetekendes, verklaar hierby dat bostaande verklaring in ons teenwoordigheid en ten aanhore van ons aan die inlêer voor-gelees is, dat die inlêer verklaar het dat hy dit verstaan en dat hy sy merk in ons teenwoordigheid daarop gemaak het.

_____ Handtekening.
 _____ Beroep.
 _____ Handtekening.
 _____ Beroep.

(6) *Bylae II.*—Skrap die bestaande Bylae.

(7) *Bylaes VI en VII.*—Vervang die bestaande Bylaes deur die volgende: —

* I hereby declare that I desire to become a depositor in the Post Office Savings Bank on my own behalf and that I am neither directly nor indirectly entitled to any sum or sums standing in my own name or in the name or names of any other person or persons in the books of the said Savings Bank, save and except such benefit as I may be entitled to by virtue of my membership of a society, club or fund or such sum or sums as may be standing in my name as trustee jointly with the name or names of any other depositor or depositors. I further agree that my deposits shall be managed according to the rules and regulations of the said Savings Bank.

Signed by me this _____ day of _____ 19____
 Signature of depositor _____
 Signed by the said depositor in the presence of _____

* In the case of minors under the age of seven years, the declaration must be made by the person making the deposit. The date on which the minor will attain the age of seven years must be stated here.

Seven years of age on the _____ day of _____ 19____

If the depositor cannot write, the following certificate must be completed and signed by two persons both over the age of sixteen years:—

We, the undersigned, testify that the declaration printed above was read to the depositor in our presence and in our hearing, that the depositor stated that he understood it and that he made his mark thereto in our presence.

_____ Signature.
 _____ Occupation.
 _____ Signature.
 _____ Occupation.

(6) *Schedule II.*—Delete the existing Schedule.

(7) *Schedules VI and VII.*—Substitute the following for the existing Schedules: —

BYLAE VI

SB 11

KENNISGEWING VAN OPVRAGING

L.W.—Die besonderhede moet sorgvuldig ingevul word aangesien 'n fout die uitreiking van 'n betaalorder kan vertraag.

Vul hier in die naam van die kantoor en die nommer wat op die omslag van die inlegboekie gedruk is. Kantoor _____ No. _____	Slegs vir gebruik in hoofkantoor	
	R	c
	Kapitaal.....	
	Rente.....	
Totaal.....		

Aan die Posmeester-generaal.

(Datum) _____ dag van _____ 19____

Ek wil die bedrag van

R	c
---	---

* As die rekening gesluit moet word, meld die totale bedrag wat volgens die boekie verskuldig is en vul in die woorde "om rekening te sluit".

by die _____-poskantoor opvra.

* _____

Opmerking.—As die bedrag R200 of meer is en 'n tjek verlang word, skryf die woord "Tjek" hier _____

Naam voluit (in blokletters) _____
 (Meld of mnr., mev. of mej.)

Handtekening van opvraer _____

Adres waarheen die betaalorder gestuur moet word _____

OPMERKING

As die opvraer nie kan skryf nie, moet hy sy merk teenoor sy naam maak in die teenwoordigheid van 'n getuie, wat dit met sy handtekening moet bekragtig.

In die geval van 'n Gesamentlike, Trust- of Trustfondsrekening moet die handtekening van al die partye verkry word.

Bewys van identiteit moet by betaling getoon word.

SCHEDULE VI

SB 11

NOTICE OF WITHDRAWAL

N.B.—Care must be taken to enter the correct particulars, as any error may cause delay in the issue of a warrant.

Copy here the name of the office and the number printed on the cover of the deposit book Office _____ No. _____	Principal..... Interest..... Total.....	For use in the Head Office only <table border="1" style="margin: auto;"> <tr> <td style="width: 50px; height: 20px;">R</td> <td style="width: 50px; height: 20px;">c</td> </tr> <tr> <td style="height: 20px;"></td> <td style="height: 20px;"></td> </tr> <tr> <td style="height: 20px;"></td> <td style="height: 20px;"></td> </tr> <tr> <td style="height: 20px;"></td> <td style="height: 20px;"></td> </tr> </table>	R	c						
R	c									

To the Postmaster-General. (Date) _____ day of _____ 19__

I wish to withdraw the sum of...

R	c
---	---

* If the account is to be closed, state the total sum due according to the book, and insert the words "to close account".

at the _____ Post Office. * _____

Note.—If R200 or over and a cheque is required, write "Cheque" here _____

Full name (in blockletters) _____
(State whether Mr, Mrs or Miss)

Signature of applicant _____

Address to which the Warrant is to be sent _____

NOTE

If the applicant cannot write, his mark must be affixed against his name in the presence of a witness, and attested by the signature of that witness.

In the case of a Joint, Trust or Trust Fund Account the signatures of all parties must be affixed.

Proof of identity must be produced at the time of payment.

BYLAE VII

SB 15

OPDRAG VAN 'N INLÊER WAT NIE PERSOONLIK KAN
VERSKYN OM BETALING TE ONTVANG NIE
(Hierdie vorm moet aan die betaalorder geheg word.)

Kantoor _____ No. van betaalorder _____
No. _____

Aan die Posmeester _____

Ek, die ondergetekende, verleen hierby magtiging aan _____ die draer van hierdie opdrag, om namens my die bedrag van _____ wat volgens bovermelde betaalorder van die Posspaarbank aan my verskuldig is, in ontvangs te neem en 'n kwitansie daarvoor te teken.

Geteken deur my op hede die _____ dag van _____ 19__
Getuie:

(Kyk instruksies op die keersy van hierdie vorm.)

Handtekening van getuie _____
Adres van getuie _____
Meld hier betrekking of hoedanigheid van getuie _____

Handtekening van inlêer _____
Adres van inlêer _____

Handtekening van genomineerde _____

(Onderstaande inligting verskyn op die keersy van vorm SB 15.)

Inlaes word terugbetaal aan slegs die inlêer of aan iemand wat wettiglik gemagtig is om op sy rekening te trek. Wanneer die inlêer nie persoonlik die kantoor in die betaalorder genoem, kan besoek nie, moet magtiging om die betaalbare bedrag te ontvang, verleen word deur middel van of 'n volmag behoortlik verly in die teenwoordigheid van 'n getuie, of 'n opdragvorm wat van alle Spaarbankkantore verkrygbaar is, of 'n magtigingsbrief. Die opdragvorm en magtigingsbrief moet onderteken word in die teenwoordigheid van, en bevestig word deur die handtekening van enige verantwoordelike persoon uitgesonderd die persoon wat gemagtig is om betaling te ontvang of 'n familielid van die inlêer.

SCHEDULE VII

SB 15

ORDER BY A DEPOSITOR WHO CANNOT ATTEND
PERSONALLY TO RECEIVE PAYMENT
(This form to be attached to the Warrant.)

Office _____ No. of Warrant _____
No. _____

To the Postmaster of _____

I, the undersigned, do hereby authorise and direct _____ the bearer of this Order, to receive on my account the sum of _____ due to me under the above-described Warrant of the Post Office Savings Bank, for which sum the receipt of the above-named person shall be a good and sufficient discharge.

As witness my hand this _____ day of _____ 19__
Witness:

(See instructions on the reverse side of this form.)

Signature of witness _____
Address of witness _____
State here Office or qualification of witness _____
Signature of depositor _____
Address of depositor _____

Signature of nominee _____

(Undermentioned information appears on the reverse side of form SB 15.)

Repayments are made only to the depositor or to a person legally authorised to draw on his account. When a depositor cannot attend personally at the office mentioned in the warrant, authority to receive the amount payable must be given by either a power of attorney, duly executed in the presence of a witness, an order form which can be obtained from any Savings Bank Office, or a letter of authority. The order form and letter of authority must be signed in the presence of and attested by the signature of any responsible person other than the person authorised to receive payment or a member of the depositor's family.

As die inlêer buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika is, moet die volmag behoortlik in die teenwoordigheid van 'n getuie verly word terwyl die opdragvorm en die magtigingsbrief in die teenwoordigheid van 'n amptelike verteenwoordiger van die Republiek van Suid-Afrika, 'n konsulêre owerheid, notaris, burgemeester, landdros of vrederegtter onderteken moet word. In die geval van 'n persoon in die magte of handelsvloot, kan die opdragvorm of magtigingsbrief ook in die teenwoordigheid van 'n offisier van die betrokke eenheid of skip onderteken word. Sodanige offisier moet sy rang en regiment of die naam van sy skip meld.

If the depositor is beyond the boundaries of the Republic of South Africa the power of attorney must be duly executed in the presence of a witness, whilst the order form and the letter of authority must be signed in the presence of an official representative of the Republic of South Africa, a consular authority, notary, mayor, magistrate or a justice of the peace. In the event of a person being in the forces or merchant navy, the order form or letter of authority may also be signed in the presence of an officer of the unit or ship concerned. Such officer must state his rank and regiment or the name of his ship.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 122

31 Januarie 1969

WYSIGING VAN DIE ALGEMENE REGULASIES VIR DIE SA WEERMAG EN DIE RESERWE

Die Staatspresident het, kragtens artikel 87 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe, afgekondig by Goewermentskenningsgewing R. 276 van 25 Februarie 1966, soos volg gewysig:—

Hoofstuk IX van die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe word hierby gewysig deur—

(a) subregulasie (2) van regulasie 35 deur die volgende subregulasie te vervang:—

“(2) Iedere volle lid van 'n inrigting of onderafdeling of tak daarvan wat in paragraaf (a), (b), (c) of (d) bedoel word, en iedere lid van 'n eenheid waarvoor 'n regimentsfonds soos in subregulasie (1) (e) bedoel, gestig is, is stemgeregtig op sodanige algemene vergadering en, tensy die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig anders reël ten opsigte van 'n inrigting of fonds wat vir lede van 'n Burgermagenheid of 'n kommando gestig is, maak twee-derdes van die getal persone wat aldus stemgeregtig is, 'n kworum uit.”;

(b) subregulasie (3) van regulasie 35 deur die volgende subregulasie te vervang:—

“(3) 'n Algemene vergadering soos in subregulasie (1) bedoel, moet, tensy die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig anders reël ten opsigte van 'n inrigting of fonds wat vir lede van 'n Burgermagenheid of 'n kommando gestig is, een maal in iedere jaar gehou word, en 'n buitengewone algemene vergadering kan op die voorwaardes wat deur die betrokke konstitusie of trustakte bepaal word, te eniger tyd belê word op versoek van persone wat op sodanige vergadering stemgeregtig is of in opdrag van die betrokke beherende instansie of komitee.”.

Wysigingsblaadjie 8.]

No. R. 123

31 Januarie 1969

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE STAANDE MAG

Die Staatspresident het kragtens artikel 87 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die Regulasies vir die Staande Mag, afgekondig by Goewermentskenningsgewing 171 van 26 Januarie 1923, soos volg te wysig:—

Hoofstuk VI van die Regulasies vir die Staande Mag word hierby gewysig deur regulasie 22 en kantopskrif daarvan te skrap.

Wysigingsblaadjie 352.]

DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 122

31 January 1969

AMENDMENTS TO THE GENERAL REGULATIONS FOR THE SA DEFENCE FORCE AND THE RESERVE

The State President has, in terms of section 87 (1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), amended the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice R. 276 of 25 February 1966, as follows:—

Chapter IX of the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve is hereby amended—

(a) by the substitution for subregulation (2) of regulation 35 of the following subregulation:—

“(2) Every full member of an institution or subsection or branch thereof referred to in paragraph (a), (b), (c) or (d), and every member of a unit for which a regimental fund referred to in subregulation (1) (e) has been established, shall be entitled to vote at such general meeting and, unless the Commandant General, SADF, or an officer authorised thereto by him otherwise rules in respect of an institution or fund which has been established for members of a Citizen Force unit or a commando, two-thirds of the number of persons so entitled to vote shall form a quorum.”;

(b) by the substitution for subregulation (3) of regulation 35 of the following subregulation:—

“(3) A general meeting referred to in subregulation (1), shall, unless the Commandant General, SADF, or an officer authorised thereto by him otherwise rules in respect of an institution or fund which has been established for members of a Citizen Force unit or a commando, be held once in every year, and a special general meeting may, subject to conditions determined by the constitution or deed of trust concerned, be convened at any time at the request of persons entitled to vote at such meeting or at the direction of the controlling authority or committee concerned.”.

Amendment Slip 8.]

No. R. 123

31 January 1969

AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE PERMANENT FORCE

The State President has, in terms of section 87 (1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), amended the Regulations for the Permanent Force, promulgated under Government Notice 171 of 26 January 1923, as follows:—

Chapter VI of the Regulations for the Permanent Force is hereby amended by the deletion of regulation 22 and marginal heading thereof.

Amendment Slip 352.]